22 Junie Matteus 4:12-5:12, (Teks: 5:3)

Salig is die armes van gees

Jesus beweeg tussen die gewone mense van Galilea (4:12-16). Hy soek die mense op daar waar hulle werk, kerk, ly en bly (vissers, sinagoges, siektes en duiwelbesetenheid) (4:18-2b). Jesus bemerk dat hulle na geluk of saligheid soek.

Salig beteken om handearbeid met vreugde te geniet; om jou kinders rondom jou tafel soos jong olyfboompies te hê (Ps. 128). Verder: hemelse geluk beteken om propvol, nee, tot oorlopens toe vol en deurdrenk van God te wees: gunsgenoot van God te wees (Ps. 37:28).

Jesus preek: Salig is die armes van gees.

Armes is mense wat krom geboë, swak, ontbloot en afgesloof deur die lewe gaan in hul poging tot oorlewing; mense aangewese op ander.

Armes van gees is daardie mense wat besef dat die oplossing en verlossing van hulle sonde-ellende nie uit hulle self kan kom nie. Geheel en al aangewese op Iemand anders vir redding. Hulle moed, wil en krag tot selfverdediging staan op 'n nulletjie. Al wat hulle kan doen, is om maar te wag op uitkoms en hulp. In hulle ootmoed (nul-moedigheid) is God hulle enigste toeverlaat. Hierdie ootmoed is nie 'n sedelike krag of eerbare deug wat in staat stel om ellende te verduur nie. Nee, dis 'n toestand van neergewerp wees in volslae ellende voor God, met slegs 'n kreun om verlossing.

Die arme van gees is dié een wat bakhand voor God staan en vra: "Wees my arme sondaar genadig".

Van hierdie mense sê die Here Jesus: Salig is julle!

Sing: Psalm 120:1,3,4 Ds. A.H. Stavast (Mosselbaai)